

Liturgiese Riglyne

SONDAGOGGEND 9:00

Hoe word ek met die Heilige Gees vervul?

Skriflesing: Joh 14:15-31

Teksters: Joh 14:16,17,25;
Ef 1:13,14; Ef 5:18b

Sing:

Ps 111-2:1-4
Sb 12-3:1-4
Ps 9-1:7
Ps 33-1:1
Sb 16-1:1,2,3
Sb 8-1:2
Lied 354:1
Sb 13-3

Orrelis: Corlea vd Walt
Projektor: Jaco Wattel
Klank: Thinus Smuts
Prediker: Gerrit Kruger

Ons moet onderskei tussen “die inwoning” van die Heilige Gees en “die vervulling” met die Heilige Gees. Ons ontvang die Heilige Gees net een keer as Hy in ons kom woon. Niemand kan uit vrye wil besluit of die Heilige Gees in jou moet kom woon of nie. God bepaal dit. Aan al sy uitverkore kinders gee Hy die Heilige Gees op sy tyd en op sy wyse. Maar as ons die Heilige Gees in ons het moet ons voortdurend bid om al meer en meer met die Heilige Gees vervul te word, dit is om al meer en meer onder sy beheer te staan. Ons gaan na drie sake kyk:

- Hoe kry jy die Heilige Gees
- Hoe word jy vervul met die Heilige Gees?
- Wat beteken dit om vervul te wees met die Heilige Gees?

SONDAGAAND 18:00

God stel alles in werking om sy wil deur te voer

Skriflesing: 1 Samuel 16

Teksters: 1 Samuel 16:18
en 23

Sing:

Ps 150:1,2,3
Ps 68:1,9,13
Ps 33:1,2,11
Ps 150:1,2
Sb 13-3

Orrelis: Corlea vd Walt
Projektor: Johan Hoogenboezem
Klank: Jan Reesink
Prediker: Ds Paul vd Berg

In hierdie perikoop openbaar die Here sy mag en beheer oor alles wat in die wêreld gebeur. Niks gebeur toevallig nie. Selfs die feit dat Dawid die gawe van die Here ontvang het om die lier (harp) te kon speel, word nou instrumenteel gebruik om Dawid in Saul se paleis te laat kom woon. God het dit so laat gebeur.

God is op tyd en op plek met die uitvoering van sy groot raadsplan. Selfs die oënskynlike kleinste dingetjies, soos ‘n lier, word gebruik om met nuuskierigheid en opgewondenheid te sien hoe die Here vir Dawid voorberei om eendag koning te word.

Kyk gerus weer ‘n keer hoe die Here in jou lewe selfs die kleinste dingetjies gebruik om sy wil te laat geskied.

KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 43 Nr 25 26 Augustus 2018

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



“Kuier onder die sterre”

Psalm 8:4,5

“As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre waaraan U ‘n plek gegee het, wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?”

In hierdie lofpsalm word die Skepper, God, in die skepping in digterlike taal beskryf. Sy grootheid, sy almag, sy heerlikheid en sy wonderlike Naam word beskryf. Dawid wat sekerlik baie nagte in die natuur onder die sterre deurgebring het besing hoe glansryk en onbeskryflik groot is die hemelruim met die maan en die sterre daarin. Hy voel homself klein voor God en die skepping van God.

Dit vervul hom met soveel blydschap en vreugde dat hy ook diep onder die besef kom van sy eie nietigheid, sy kleinheid as mens voor hierdie pragtige skepping. Hierdie Psalm is so belangrik dat Jesus Christus dit self aanhaal met die reiniging van die tempel in Mat 21:15,16. Die mens is so belangrik vir God gewees dat Hy sy eie Seun Jesus Christus ‘n mens laat word het sodat Hy sy kinders kon red en verlos met sy dood aan die kruis. Heb 2. God kry al die eer vir die skepping, die maan en die sterre en ook vir die mens wat God as heerser geskape het.

Saterdagavond, 8 September gaan ons as gemeente **onder die sterre kuier**. Dit gaan daarvoor dat ons as gemeente aan God die eer toebring onder die sterre met ‘n heerlike kuier, Koinonia, gemeenskap van die heiliges. Ons gaan ‘n paar Psalms sing, die grootheid van die skepping beleef en lekker saam eet aan potjiekos en lekker kuier.

Mag ons die grootheid van God altyd raaksien in die skepping.

Mag ons God altyd eer en verheerlik.

Mag ons saam met die Psalmdigter altyd God se grootheid besing met die woorde:
Ps 8:2,10

“Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde, hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het!”

Ds Gerrit

ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYIE

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Sothodiens: 12:30
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Kantoorure: **Ma-Do** 08:00 - 13:00

Telefoon: 012 664 2614

Basdenlaan 226

Faks: 012 664 0004

Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—kerkkantoor@gkcenturion.co.za

0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 084 263 2055

Skakel die kerkkantoor of stuur asb 'n e-pos indien u kontakbesonderhede verander:
admin@gkcenturion.co.za

DIENSBEURTE: Ouderlinge: Leon Lourens

Alethea : Jan Nel

Diaken: Jacques Tredoux

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

KLEINGROEPPKOMMISSIE: Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

KOMMUNIKATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za

LEWENDIGE VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad ([gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za))

EREDIENSTE OP INTERNET: <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname)

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGS-PROJEK: Esmé 0833816428/esmel.prins@gmail.com vir navrae

KATKISASIE: Vandag: Les 18; Ps 42:1

Volgende week: Les 19; Ps 48:1

KLEUTERKATKISASIE (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas (kamer 4).



Kerk se bankbesonderhede:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Rek no: 600 340 417



VERJAARSDAE

"...U sorg vir my." Ps 16:5

BELYDENDE LIDMATE

27-Aug	Michele	Hardam-van Wyk	E01	082 921 3546
	Quintin	Wait	A06	083 458 1779
28-Aug	Elke	Nel	B18	082 417 6286
	Elmarie	van der Walt	C03	664 2553
29-Aug	Willy	Bakker	B21	007 1972
	Ida	van der Walt	B01	078 779 1496
30-Aug	Retief	Snyman	A04	347 0401
	Wimpie	Swanepoel	A09	662 2554
31-Aug	Elmarie	Blaauw	C11	082 520 3747
	Erich	Jacobs	C14	643 0417
01-Sep	Rina	Burger	C14	082 853 8215
	Leoni	Nagel	C10	084 727 8436
	Hein	Venter	C06	667 4262
	Chantelle	Zaayman	C01	084 500 7918



DOOPLIDMATE

26-Aug	Daniel	Kruger	A09	083 515 6448
27-Aug	John	Potgieter	C09	082 902 2841
30-Aug	Johan	Loock	B13	658 5051
31-Aug	Jeandre	v Aswegen	A04	082 321 0514
01-Sep	Amy	Ellis	A12	074 084 3102
	Jessie	Ellis	A12	074 084 3102
	Hanro	Steenekamp	C15	082 942 2440
	Marichelle	Yaffe	C09	061 535 9665

TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

26 Augustus
Tieners

2 September

A01 Elize van den Berg
A02 Esther Hoffman
A03 Magda van der Schyff



Bybelplasingstoer na Malawi

vir hoërskoolleerders en studente

23 Junie tot 4 Julie 2019

aangebied deur Deputate Jeugsorg

Koste: R4000 pp

(meer besonderhede op kennisgewingbord)

Reynold Fourie 084 707 6276

gkmalawitoer@gmail.com

Kuier onder die Sterre

(Olyfboskerm — koinonia)

Saterdag, **8 September 2018**

vanaf 17:00

Bring eie eetgerei en drinkgoed.

Kontant koffie-kroeg beskikbaar.

Koop u kaartjies onder die olyfboom.

R80 volwassenes; R50 graad 8 -12;

R20 jonger

PW Groenewald 082 899 0342

Centurion Florist skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee. (664-0685) centurionflorist@discovery.mail.co.za.

Pilates klasse in Zwartkop—Liggaamshouding evaluering elke 6 mde. Sien hoe jou postuur verbeter. Billike pryse. Kontak Elmé 0609948023 of whatsapp.

Huis te huur Lyttelton/Centurion R10 500 pm (helfte van stadsraad rekening en elek uitgesluit). 3 Sk, 2 bk, TV kamer, eetkamer met ingeboude braai. Nuwe kombuis, studeerkamer, 2mh, volstoep, alarmstelsel. Ben vd Walt 082 854 3719 /benv@tfm.co.za.

Tuinwoning Lyttelton Manor te huur R5000pm—Studio-slaap/sitkamer, bk, stookkamer/studeerkamer, kombuis/opwas, mh. Enkelopende persoon. W&L ingeluit. H Sweers 0832836456/T Kruger 0834507460.

Algemene herstelwerk aan huise en geboue, ook **veiligheidshekke** en diefwering. Kontak Hennie vd Walt by 0829274326 of hj2vdwalt@gmail.com.

Betroubare, hardwerkende **huishulp** soek werk vir Vrydae. Rita 083 968 2299.

Tuinwoning te huur, 1 Okt, Irene vir enkel persoon, nie-roker, geen troeteldiere. R3500pm plus W&E. Veilige onderdak parkeering en alarmstelsel. Elize vd Berg 0829245178.

Senior Aksie

Maandag, 3 September 2018 van 10:00 af gaan almal saamwerk om die verversings vir die dag, pannekoek en kolwyntjies, voor te berei.

Die mans gaan die pannekoek bak. Elkeen moet eie pan, voorskoot en spaan saambring, terwyl die dames versierbuisie, versieringsuikermengsel en versiersels moet bring.



Daar sal geheime pryse vir beide die mans en die dames wees.

Kom geniet 'n heerlike kuier-oggend saam.



Gereformeerde Kerk Rooihuiskraal

met Voices Div!ne

27 Oktober 2018 te Leriba Lodge

Kaartjies: R150 Volwassenes /

R50 skoliere

Of stel jy belang om 'n stalletjie op hierdie dag te beman met jou kunswerk/produk? (Geen kos)

R300

Kontak Daleen by 082 373 1803 /

kerkkantoor@gkrhk.org.za

Hulp benodig met katkisasielokaal

Die groot katkisasielokaal kan in vier of twee verdeel word deur middel van skuifdeure. Die deure in die toegeskuifde possie is nie klankdig nie en gedurende katkisasieklasse is dit steurend op die kinders se aktiwiteite.

Die instandhoudingskommissie is opsoek na 'n klankdigtingsoplossing vir die probleem in die vorm van raad en advies. Kontak kan met Hennie Pretorius gemaak word by 0827702213.

Ons gee om vir Mekaar

"Moet oor niks besorg wees nie..." Fil 4:6

- Rita Smit sterk aan na 'n knie-operasie (C3—083 775 5845).
- Voorbidding word gevra vir Christo Crafford wat môre intense behandeling ontvang (C11—667 2616).
- Quinten Bye sterk aan in Montana hospitaal na 'n frats-skietongeluk (C5—079 886 3325).
- Dit gaan nie goed met Esther Engelbrecht se gesondheid nie. Sy is tans in Unitas hospitaal. (A10—083 761 3757).
- Meelewing word betuig met:
 - Hennie, Talita vd Walt en familie na die afsterwe van Hennie se vader.

Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Geluk

Louis en Lize met die doop van Louis Human (Lohan) Dekker vanoggend.

Beroepenuus

BEROEPE ONTVANG

Ds W Jobse (Wilhan) van Jeffreysbaai na Kemptonpark.
Ds TJ Moletsane (Jeremia) van Sanveld na Zamdela, Boipatong, Sharpeville en Sebokeng.

BEROEPE AANVAAR

Ds AB van der Walt (Braam) van Lichtenburg na Eden.

BEROEPE BEDANK

Ds FJ van Rensburg (Frikkie) van Rustenburg-Noordoos na Kemptonpark.



Wees goedgesind teenoor alle mense.

Romeine 12:17

KOLLEKTES

Vandag tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Jeugsorg



Kollektes sal nog steeds in banke/deure opgeneem word vir diene wat nie Zapper gebruik nie



Volgende week: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Transoranje

Plaas asb u bydraekoevertjies in die kluis agter in die konsistorie

VAN DIE KERKRAADSTAFEL

Ter Approbasie:

Ouderling: Sarel Swanepoel (A), Braam du Plessis (A), Wally Wallace (B), Lodi Olivier (C), Hannes Pieters (C).

Diakens: Henk Koch, P.W. Groenewald, Bets Wallace, Stephanie van Jaarsveld, Jan Venter

Losmaking geskied op 9 September 2018 tydens die aanddiens:

Ouderlinge: Gerrie Viljoen, Leon Venter, Hendrik Peens, Lourens de Beer

Diaken: Inge Pelser

26 Augustus/
August 2018
@ 14h30

R 50.00 per
persoon/
person

Gereformeerde Kerk/
Reformed Church Centurion
Basdenlaan/avenue, Centurion

Navrae/Enquiries
Alida Idema
0723400876

**Lentekoorfees
Spring Choir Festival**

Centurion Cantus is 'n gemeenskapskoor waar elke stem saakmaak en daar is altyd plek vir meer. Daar word oudisies vir 2019 gehou op 2, 9 en 16 September. Kontak gerus vir Magda vd Schyff vir meer inligting en om jou plek te bespreek by een van die oudisies. Magda: 079 511 0196.

Eljada Huis se onmiddellike krisis is suiker, koffie, pasta en "box" melk. Die ander behoeftes is nie-bederfbare blikkies of pakkies, tee, ontbytppap, broodsmere, en toiletware. Enige produkte wat in 'n huis gebruik word behalwe luukshede (vir ons bederfies) is welkom. Ook daardie klein komplimentêre sepies, sjampoe en ander toiletware wat so lastig in jou huis rondlê kan baie goed aangewend word by Eljada.

Enige finansiële skenkings kan in die Diakonie se rekening inbetaal word. Merk asb duidelik dat dit vir Eljada bedoel is.

Baie dankie vir elke skenking, hoe gering ookal. U maak 'n verskil.

Petra Swanepoel 0829277324

Bybelskool van Centurion 2018

bied aan

Die Algemene Sinode van Dordrecht

DIE DORDTSE LEERREÛLS

Die sinode van Dordrecht het in 1618-1619 vergader om die vyf hoof leerdwalings van die Remonstrante vanuit die Skrif te ondersoek en te weerlê, so het ons derde besondere belydenis skrif ontstaan.

Ons begin **Dinsdag, 29 Augustus 2018**

te

GK Centurion Kerkzaal

Elke Dinsdagaand 19:00 – 20:30

Koste R100 per persoon


Aanbieder: **Ds. Gerrit Kruger**

Almal welkom

Inskrywings: Ellouis 012 664 2614 (soggens) Johan 082 386 8986

Afrikaanse Bybel 85 jaar oud

Vyf-en-tagtig jaar gelede, op 27 Augustus 1933, is die eerste volledige Afrikaanse Bybel in Bloemfontein bekendgestel. Die hersiene uitgawe het in 1953 verskyn. Toe die eerste Bybels op 1 Junie 1933 by die Bybelhuis in Kaapstad uitgepak is, het ds FX Roope, die President van die Bybelgenootskap komitee gesê: "Vandag kan die Afrikaanse volk vir die eerste keer die Bybel in sy eie taal opneem en aan sy hart druk. Dit is vir ons rede tot innige dankbaarheid." Die Bybelgenootskap is vandag steeds dankbaar vir elke Bybel wat versprei word, nie net in Afrikaans nie, maar in al die tale van ons land.



Die Bybelgenootskap het reeds meer as 7,6 miljoen eksemplare van die 1933/1953-vertaling van die Afrikaanse Bybel in verskillende gedrukte formate versprei. Op 2 Desember 1983, 50 jaar na die verskyning van die eerste Afrikaanse Bybel, verskyn die 1983-vertaling van die Bybel in Kaapstad. Die afgelope 35 jaar is daar reeds sowat 4,1 miljoen gedrukte eksemplare van hierdie Bybel versprei.

Beide bogenoemde vertalings is ook beskikbaar in braille en oudio en in verskillende e-boekformate. Die vertalings is aanlyn beskikbaar en kan op selfone afgelaai word. In 2017 alleen is daar byna 108 000 eksemplare van die twee bogenoemde vertalings op selfone afgelaai. Die groot nuus is dat *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling* waarna daar met groot verwagting uitgesien word, na verwagting teen die einde van 2020 sal verskyn. Die Bybelgenootskap herdenk sy 200ste bestaansjaar in Suid-Afrika in 2020 en ons is opgewonde om weer, op versoek van die kerke wat die Bybel in Afrikaans gebruik, 'n Bybel vir die volgende geslagte Afrikaanssprekendes bekend te stel.